BREEDE VALLEY
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA

bvm@bvm.gov.za
023 348 2600
30 Baring Street, Worcester, Western Cape
6849, South Africa, Private Bag X3046
www.bvm.gov.za

In your reply, please quote:
Reference: COVID_19 BVM Reëlings
Enquiries: Hannelie Botha (hbotha@bvm.gov.za)

OPENBARE KENNISGEWING:

CORONA VIRUS (COVID 19):
DIE VERKLARING VAN 'N NASIONALE RAMPTOESTAND EN
ALGEHELE NASIONALE INPERKING

Die munisipaliteit verwelkom die aankondiging wat die President op Maandag 23 Maart 2020 gemaak het. Ons sal die instruksies wat gegee is, volg en maatreëls instel om uitvoering aan die instruksies te gee. Die munisipaliteit sal nou saamwerk met nasionale en provinsiale regerings om te verseker dat die munisipale dienste en prosesse in lyn is met wat benodig word.

1. Munisipale dienste

Slegs die mees essensiële munisipale dienste sal voortgaan onderhewig aan die beperkings soos deur die president daargestel. Essensiële dienste wat sal voortgaan, is wetstoepassing/verkeer, brand- en reddingsdienste, die voorsiening van water, riool, vullisverwydering en essensiële elektrisiteitsvoorsiening.

Alle munisipale kantore sal gesluit wees as deel van die nasionale inperking. Die munisipale oproepsentrum sal as deel van die Gesamentlike Operasionele Sentrum (GOS of JOC(Engels)) 24 uur per dag funksioneer en dus kan alle essensiële en lewensbedreigende klagtes gerig word aan:

- ssc@bvm.gov.za
- 0860 12 12 12

2. Betaling van munisipale rekeninge, boetes en ander betalings.

Die publiek moet toesien dat munisipale rekeninge, boetes en ander vereiste betalings steeds gedoen word soos benodig. Gedurende die inperkings tydperk, kan hierdie betalings steeds by munisipale kantore en ander kos-winkels wat oop is, geskied.

Die publiek word ook aangemoedig om elektroniese betalings te gebruik.
Besonderhede vir elektroniese betalings van munisipale rekeninge en boetes:

- Breedevallei Munisipaliteit
- NEDBANK
- Rekeningnr: 116 075 5019
- Takkode: 198765
- Verwysingsnommer: Munisipale rekeningnommer / Boete (kennisgewing nommer)

Voorafbetaalde elektrisiteit aankope sal by alle kleinhandelaars beskikbaar wees.

3. Openbare deelname prosesse

Die munisipaliteit moet sy benadering tot openbare deelname prosesse vir die onmiddellike toekoms aanpas, aangesien ons nie openbare vergaderings kan hou nie.
Ons moedig inwoners aan om e-pos, sosiale media platforms en ons webwerf te gebruik om die Raad te bereik. Om insette te lewer vir die GOP, kan inwoners die volgende e-pos adres gebruik: idp@bvm.gov.za

4. **Die uitvoerende burgemeester moedig inwoners aan** om asseblief te let op amptelike aankondigings en die instruksies te volg. Deur saam te werk, kan ons die verspreiding van hierdie virus beperk. BLY ASSEBLIEF TUIS!!! EN WAS GEREELD JOU HANDE. ASSEBLIEF.

Ons webblad (www.bvm.gov.za) en sosiale media-kanale sal gereeld opdateer word met die nodige inligting. Besoek ook die webblad van die Wes-Kaapse Regering (https://www.westerncape.gov.za/department-of-he…/coronavirus) vir kritiese inligting.

RAADSHEER A STEYN
UITVOERENDE BURGEMEESTER
24 Maart 2020